

Wie gaan heers oor die skape?


[Dawidverbond – Die ewige Koning – 2 Samuel 7]

In die vorige artikels oor die verbonde het ons gesien God se ideaal is dat Hy geëer sal word deur baie mense wat gewillig sy opdragte gehoorsaam in sy skepping. In die studie oor die Abrahamverbond het dit duidelik geword dat God hierdie ideaal sal bereik deur sy handeling met die groot nageslag wat Hy vir Abraham sal gee. Hulle is die skape. Boonop sal Hy vir hulle 'n land gee om in te woon. Die Sinaiverbond het ons geleer hoe hierdie skape moet lewe om aan God die eer te bring. Kom ons kyk na die verloop van die geskiedenis hierna:

By Sinai was die volk alreeds 'n groot volk. Na 'n tog van 40 jaar deur die woestyn bereik die volk uiteindelik die beloofde land Kanaän. Tot 'n groot mate verdryf hulle die ander volke uit die land. Maar dit gaan nie goed nie – telkens val die volk in sonde en die Here stuur dan 'n vyand om hulle te onderduk. Wanneer hulle tot die Here roep, stuur hy 'n leier (rigter) om hulle te verlos. Dan gaan dit vir 'n wyle beter – voor hierdie siklus hom herhaal. Dit is egter nie net 'n herhalende siklus nie, maar eerder 'n afwaartse spiraal – die verval word al hoe erger. Die boek Rigters sluit af met die woorde: “In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë” (Rigters 21:25).

In die artikel “[Hoe lyk God se ideale skaap?](#)” het ons gesien daar is vier elemente nodig vir 'n koninkryk om te bestaan: 'n koning, burgers/onderdane, 'n land en wette. Natuurlik is God self die koning van die skape, die volk (skape) is die burgers, Kanaän is die land en hulle het die wet by Sinai ontvang. In 1 Samuel 8 vra die volk egter vir die profeet, Samuel, om 'n aardse koning oor hulle aan te stel – soos wat al die nasies rondom hulle het. Die Here sê vir Samuel, alhoewel hulle Hom effektief as hulle koning verwerp, Samuel tog aan hulle versoek moet voldoen. Saul word aangewys as eerste koning. Dit word egter gou duidelik dat Saul nie die koningskap met verantwoordelikheid en in afhanklikheid van God uitvoer nie, en God verwerp hom as koning. Na 'n lang stryd tussen Dawid en Saul, bestyg Dawid die troon (2 Samuel 5:1-5). Dawid vestig homself in Jerusalem, die sogenaamde Dawidstad, en bring die ark van God ook daarheen (2 Samuel 6:1-18).

In 2 Samuel 7:2 spreek Dawid die begeerte uit dat hy vir die Here 'n huis wil bou – volgens hom is dit nie reg as hy in 'n paleis woon, terwyl die ark van die Here in 'n tent staan nie. God oordeel egter anders: Hy het nooit die opdrag gegee dat so 'n huis gebou moet word nie (vers 6-7), en herinner Dawid daaraan dat dit Hy is wat Dawid as koning aangestel en suksesvol gemaak het (vers 8-16). Dan maak die Here aan Dawid die volgende belofte: Die Here



gaan vir Dawid 'n koningshuis vestig (vers 11). God sal vir die een uit sy nageslag wat hom opvolg as koning, 'n bestendige koningskap gee, en hý sal vir die Here 'n huis bou (vers 12-13). In vers 14 onderneem die Here dat Hy vir hierdie koning 'n vader sal wees en die koning sal vir Hom 'n seun wees - hierin moet ons duidelik raaksien dat hierdie 'n verdere uitbouing is van die verbond met Abraham (Gen 17:7-8). Die Here onderneem selfs dat as hierdie nakomeling van Dawid ontrou is, dit tot gevolg sal hê dat Hy hom straf, maar Hy sal hom nie verwerp nie. Boonop beloof Hy dat Dawid se koningshuis tot in ewigheid sal voortduur. Daar sal dus iemand uit die nageslag van Dawid wees wat tot in ewigheid sal regeer.

Maar ons ken die Ou Testamentiese geskiedenis: Na Dawid heers sy seun Salomo. Alhoewel dit aanvanklik goed gaan en God hom met baie wysheid seën, en hy selfs 'n spoggerige tempel vir God bou, gaan dit later in sy lewe nie goed nie. In 1 Konings 11:11-13 oordeel die Here dat Hy egter getrou sal bly aan sy belofte aan Dawid en darem 'n deel van die volk deur Salomo se seun laat regeer. As Salomo sterwe, verdeel die koninkryk: 10 stamme volg Jerobeam as koning, en net Juda en Benjamin volg Rehabeam (Salomo se seun). Na Rehabeam word Abia koning oor Juda - en weer lees ons in 1 Konings 15:4 dat die Here Abia aanstel om sodoende getrou te bly aan sy belofte aan Dawid. Dan volg die een koning na die ander: Sommige vrees die Here, maar die meeste nie. Die Here stuur verskeie profete om te waarsku, maar die volk luister nie en die punt word bereik waar eers die 10 stamme weggevoer word in ballingskap na Assirië, en later die 2 stamme na Babel. En ons sou met reg kon wonder: wat het nou van die belofte aan Dawid geword? Selfs as die volk terugkeer uit ballingskap en weer in Kanaän bly en die tempel herbou, is die tempel maar vaal in vergelyking met Salomo se tempel, en daar is nie een uit die nageslag van Dawid wat heers as koning nie. Wat het geword van die ewige koningshuis wat God aan Dawid belowe het?

As Jesus gebore word, kom die sterrekykers na Jerusalem om uit te vind waar die koning van die Jode gebore is (Matteus 2:1-2), en wanneer Jesus gekruisig word, plaas Pilatus 'n opskrif op die kruis: Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode. In Romeine 1:2-4 maak Paulus duidelik hoe ons dit moet verstaan: Die Een uit die nageslag van Dawid wat vir ewig gaan heers, is Jesus Christus! Nie net is Hy uit die nageslag van Dawid gebore nie, Hy is terselfdertyd ook die Seun van God. En Hebreërs 1:8 leer ons dat Sy koningskap vir ewig vas staan! Oftewel in die woorde van Jesaja 9:5-6: "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal die koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg."

Sien jy wat gebeur? God was nog altyd die koning van sy volk, oftewel die skape. As die volk vir 'n koning vra, stem God in, al is dit in werklikheid 'n verwerping van Hom as hulle koning. Maar kort daarna beloof God dat iemand uit die nageslag van Dawid vir ewig Koning gaan wees oor die skape – daardie iemand is niemand anders nie as Jesus, die Seun van God!